Ilse Roux
van Bellville

In 2005 het Ilse (40) nog voor die swartbord gestaan, as biologie-onderwyser by die Hoërskool Stellenberg in Durbanville buite Kaapstad. Sy't toe reeds elf jaar skoolgehou.

Vandag het sy 'n bruidsateljee en -winkel in Kuilsrivier.

Die saadjie vir haar loopbaan-ommekeer is geplant toe sy in 2003 'n boek van Floris Knouwds oor rentmeesterskap, *God se plan vir my geld en my goed*, gelees het.

Dit het Ilse en haar man, Francois, geïnspireer om God nog meer met die gee van hul tiendes te vertrou.

"Vir my het Johannes 14 baie belangrik geword. Daarin sê die Here as ons Hom waarlik liefhet, sal ons Sy opdragte uitvoer."

In daardie stadium het Ilse reeds jare lank trou- en matriekafskeidsrokke as stokperdjie tydens skoolvakansies en naweke gemaak.

In 2004 het sy 'n praatjie van Michael Mol bygewoon oor 'n roepinggedrewe lewenswyse – iets waaroor sy al tien jaar gebid het.

"Ná die praatjie het ek weer vir die Here duidelikheid gevra. Ek't gevoel Hy gee my die opdrag om te begin bid vir die bruide vir wie ek trourokke maak, juis omdat huwelike so aangeval word deur die vyand."

Gaandeweg het sy ook begin bid vir die huwelike van die paartjies waarby sy betrokke is.

In 2005 het sy skoolhou vaarwel toegeroep. Toe sy daarna swanger word met haar tweede kind, Franco (nou 6), het sy dit as bevestiging beskou dat sy die regte rigting ingeslaan het. Haar eersteling, Annika, was toe twee jaar oud.

Sy en Francois het besluit om 'n bruidsateljee by hul huis aan te bou. Maar nog voor die bouwerk begin het, het hulle in geloof begin om 'n tiende te gee van die wins waarop hulle gehóóp het – hul teken aan God dat hulle Hom vertrou.

"As Hy jou 'n *roeping* gee, vra Hy **gehoorsaamheid** en beskikbaarheid. Hy vra nie dat jy **alles** weet nie"

Toe Ilse later daardie jaar haar ateljee se deure oopmaak, het haar onderneming maand ná maand gegroei. Tot op hede het sy en haar span reeds meer as driehonderd trourokke gemaak.

"God is so getrou. As Hy jou 'n roeping gee, vra Hy gehoorsaamheid en beskikbaarheid. Hy vra nie dat jy alles weet nie. God seën gehoorsaamheid."

Ilse vertel sy het verdere bevestiging gekry dat sy op die regte pad is toe sy en haar man 'n huweliksverrykingseminaar bygewoon het. Die seminaarleier het vir haar kom sê hy ervaar dat sy en Francois eersdaags self so 'n kursus sal aanbied.

"Ek weet die Here wil hê ons moet 'n generasie van sterk huwelike vestig. Ek's nie spyt oor my loopbaanskuif nie. Nou't ek 'n nuwe droom: Om die Wes-Kaap 'n geen-egskeiding-sone te maak."